PREEK: PIERRE VAN RYNEVELD

17 JUNIE 2001

Die eenvoud van die ware geloof.

Votum:

“Skepping” van Rosa Smit

en dit was aand
en dit was more
my allerheilige here
en by jou word ek klein
soos 'n gebedjie
en toegewy
want jou woorde maak skeiding
tussen mense en my
en jou hande
ruil die winters en somers

in my om

spoel my uit soos 'n strand

plant my soos 'n seder

my allerheilige here

ek vloei soos wolke van geregtigheid

word blink soos songloed

want dit was aand

en dit was more

en jy't gese

dit is goed

Seëngroet

Ps 103:19

Stilte

Klein lof:

Gs 23:1-3 (reel 1 & 2: Dames; 3&4: Mans; 5&6: Almal)

Verootmoediging

Liturg Loof die Here want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie”

Gemeente Loof die Here want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie”

Liturg So moet die mense sê wat deur die Here bevry is,

dié wat Hy uit hulle nood bevry het

en uit baie lande versamel het,

uit die ooste en die weste,

die noorde en die suide.

Party was verdwaal in die woestyn,

in ‘n barre wêreld,

en kon die pad na ‘n bewoonde stad nie kry nie.

Hulle was honger en dors,

hulle was uitgeput,

maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp

en Hy het hulle gered uit hulle elende.

Hy het hulle op die regte pad gebring

en by ‘n bewoonde stad laat uitkom.

Gemeente Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde,

vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen.

Groot lof:

SOM 4:1-3

Woordbediening

Skriflesing: Ps 8

Jak 2: 27

Prediking

Tussen die gewoel en gedruk van mense in die Alhambra, in Granada, Spanje, raak ons bewus van ‘n groepie kleuters wat ook saam met al die toeriste op besoek is. Hulle trek dadelik mens se aandag want hulle dra almal helder geel nekdoekies sodat hulle juffrou hulle ook maklik bymekaar kan hou. Die naam Alhambra beteken letterlik die plek met die rooierige skynsel en dit verwys na die paleis-kompleks op ‘n koppie digby die ou deel van Granada. Dit is die vesting waar die oorwinning of neerlaag in die lang geskiedenis van stryd tussen Moor en Christen, telkens beklink is. Die Alhambra bevat nalatenskap van albei groepe, maar die mees indrukwekkendste is die sale vol muur- en plafonpanele met die mooiste Moorse kunswerke en natuurlik inskripsies uit die Koran. Mens staan verstom voor die omvang, detail en prag van mense se vingerwerke.

Die kindertjies was daar vir opvoedkundige redes. Waarskynlik kleuters uit een van die plaaslike kleuterskole wat deur ‘n ondernemende onderwyseres daarheen gebring is. Hulle stralende gesiggies met die geel nekdoekies het elke nou en dan soos sonneblomme tussen die eentonige massa toeriste uitgestaan. Op ‘n stadium was hulle nie meer naby ons nie en ons het saam met die groepe mense beweeg na een van die indrukwekkendste sale, die sogenaamde Saal van die Leeus. Daar is alles verskriklik mooi bewaar en ons, soos al die toeriste, het met koppe na bo gedraai, ge-“oe” en ge-“aa” vir al die kunsskatte

teen die mure en plafon. Mens kan nie anders as om te dink aan die toewyding en godsdienstige motivering wat mense daartoe gebring het om woon en aanbiddingsruimtes so te versier nie.

Toe is die kindertjies met die geel nekdoekies meteens ook daar. En hulle sien iets wat die volwassenes nie gesien het nie. Die vissies in die visdam van die binnehof! Sonder huiwering, sonder om links of regs of op te kyk, het hulle reguit op die visdam afgepyl. In ekstase oor wat vir hulle ongetwyfeld die hoogtepunt van hulle Alhambra-besoek was. Die onderwyseres het haar hande vol gehad om hulle aandag te probeer vestig op die eintlike kunswerk van die Alhambra. Maar ek was seker dat die storie wat hulle die aand vir hulle ouers sou vertel, die storie van die goudlyfies in die mooi vyfer sou wees.

Hoewel ek in diepe verwondering was oor die kuns teen die mure, het ek my meer verwonder aan die opregte eenvoud van kinders wat hulle verwonder aan die vingerwerke van God. Ek het ook nagedink oor wat ware godsdiens is? Is dit te vind in die verhewe argitektuur en kuns, of is dit te vind in die kleintjies met die geel nekdoekies wat gefassineer is met God se goudvissies? Miskien is dit ‘n onbillike teenstelling. Maar miskien het ons so beïndruk geraak met ons eie skeppinge dat ons nie meer in verwondering staan voor God se eenvoudige skoonheid nie.

Ons was skaars by die huis toe ek ‘n storie van Wilhelm van Deventer lees wat my weer van vooraf laat dink het oor rykdom van eenvoud. Wilhelm het vir 18 jaar in Venda gewerk as predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk. Hy het die volgende ervaring opgeteken:

Aan die einde van ‘n lang Saterdag se huisbesoek teen die hange van die Soutpansberg, stap ek sleepvoet bergaf met ‘n grondpad. Teen die hwuwel uit kom ‘n inmekaar-gekrimpte ou vroutjie oortrek met plooie my tegemoet. Volgens tipiese Venda tradisie vra sy waarvandaan ek kom en waarheen ek op pad is. Ek verduidelik en sy vra dat ek ook vir haar ‘n gebed moet kom doen. Die twee van ons stryk agter mekaar in die nou beespaadjie af tot by haar twee miniatuur hutjies wat omtrent die helfte so groot is as ‘n deursnee huis in Lukau. Die muurtjies wat die klein lapa’tjie omring, is laag en ons gaan sit daarbo-op.

Vho-Mutshekwa se ouers is albei oorlede. Sy het nie broers of susters nie, was nooit getroud nie en kon ook nie kinders kry nie. Sy woon alleen, is ongeltterd, werkloos,

sieklik en te jonk vir ouderdomspensioen. Sy het nie 'n lappie grond van haar eie nie en die gemeenskaplike lande lê onder in die vallei waar sy nie self kan kom nie. Sy leef van die oorskot van die arm mense rondom haar.

'n Maer hoendertjie hop oor die muurtjie en koek-kloek in die rigting van Vho-Mutshekwa. Sy steur haar nie verder aan my nie, kyk die dingetjie in die oë en met 'n opgehelderde gesig en glimlag groet sy dit met 'n Venda "Aa!".

Dit klink vir my na dieselfde teenstelling as wat ek in die Alhambra beleef het. Die dominee wat met sy teologie en gebed op 'n hoë vlak van geestelikheid beweeg; en die vrou wat behaaglik in die hoendertjie se oë kyk, terwyl die dominee vergete op die muurtjie bly sit. Wilhelm teken die verhaaltjie op omdat hyself daar in die Afrika-armoede iets ontdek het van die verwondering in eenvoud en die eenvoud van verwondering.

Het ons dit nog? En hoeveel daarvan het ons nog? Die wêreld waarin ons leef is vol grootse dinge. Groot, glinsterend en vinnig! Dit is die kenmerke van ons bestaan. En die kerke doen lustig mee. Hoe groter en blinker, hoe meer suksesvol is 'n kerk.

Intussen verleer ons om Psalm 8 te sing – letterlik en figuurlik. Psalm 8 vertel van die grootsheid van die menslike heerskappy oor die skepping (vers 6-9), maar dit is nie wat die psalmdigter verwonder nie. Hy is verwonder oor die glansryke hemelruim wat deur kindertjies en suigelinge besing word. Hy is verwonderd oor die "werk van u vingers". Dit is vir hom asof God met fyn vingerbewegings elke sterretjie op sy regte plek geplaas het. God se skepping, die eenvoud en die grootsheid daarvan, bring hom in diepe verwondering en hy begin en eindig sy psalm met dieselfde uitroep:

> Here, ons Here,
>
> hoe wonderbaar is u Naam
>
> oor die hele aarde!

Ek vra weer: Kan ons nog meedoen aan hierdie erediens? Of het ons so verslaaf geraak aan ons eie godsdienstige skeppinge: ons kerkgeboue, ons musiek.

Weet nog wat dit is om plat op die gras te sit en met jou handpalms God se teenwoordigheid te voel? Is dit vir ons godsdiens om die warm sonstrale in die winter deur die venster van my kantoor of sitkamer te voel kom? Ervaar ons God in die glimlag van ‘n kind en in die oë van ‘n geliefde?

Het ons nie dalk vir God vasgevang in ons kultuur nie? Hierdie voorspoedkultuur met sy hoë tegnologie en baie blink?

Word ons nog aangespreek deur die vissies en hoendertjies …

> En die weeskinders en die weduwees? (Jakobus 1:27)

> Die armsalige, uitgestote mense uit die samelewing…

Die eenvoudige verwondering en die deernis met die eenvoudige gaan hand aan hand.

En as ons dit het, sê Jakobus, dan het ons egte en suiwer godsdiens.

Stilte

Gebed: Die gemeente sing: “Ubi Caritas…”

Offergawes

Slotlied SOM 35:1-4

Seën: Num 6:24-26